
# Ávrio Kursusse

My toekoms in my hande




[ONS KURSUSSE]



Pastel Partner | Basiese Boekhouding | Microsoft Office kursusse | "Soft Skills" kursusse | Corporate Training | Sage Business Cloud Accounting

Ávrio Kursusse
My toekoms in my hande

## BEMAGTIG JOUSELF VIR MÔRE MET PASTEL- EN ANDER SELFSTUDIE-KURSUSSE

### SETA-GEAKREDITEERDE SERTIFIKATE

Basiese Boekhouding
Pastel Partner

sage | Authorised Training Centre

Sage Pastel On-Site Trainer

sage Business Cloud Accounting

Sien video hier

### MS OFFICE EN "SOFT SKILLS" KURSUSSE

Microsoft Office kursusse
"Soft Skills" kursusse (Kies uit 124 verskillende kursusse)
Korporatiewe opleiding

Zelna Naudé www.boekhoukursusse.co.za zelna@boekhoukursusse.co.za 082 786 5690

# PASTEL PARTNER (ACCOUNTING)

U kan kies tussen **een-tot-een opleiding, self-studie of LIVE ONLINE TRAINING**.

Die nuutste Pastel Accounting V19 is nou beskikbaar!

Aangesien daar slegs klein verskille tussen Pastel Xpress en Pastel Partner is, is dit 'n goeie idee om eerder die Pastel Partner kursus te voltooi. Indien u 'n sertifikaat verwerf vir Pastel Partner sal u ten volle in staat wees om Pastel Xpress ook te gebruik.

Die Pastel Partner V19 Intermediate kursus se een-tot-een prys is R10 000 en kan aanlyn betaal word.

Die kursusfooi sluit in:

- Handleiding wat gebruik word tydens opleiding (dit word u eiendom sodat u dit altyd kan gebruik as verwysing)
- "Educational" Pastel program wat op u eie rekenaar gelaai word en waarop u die kursus kan oefen
- **Een-tot-een opleiding deur 'n opgeleide, geregistreerde Pastel Onsite Trainer** (mits dit binne 'n radius van 150km vanaf Heilbron in die Vrystaat is)
- Eksamenfooi
- Sertifikaat

Die kursus duur normaalweg tussen 16 en 24 uur, afhangende van u vlak van vaardigheid. Dit word aangebied in 2 - 3 dae. Tye kan gereël word soos dit u pas - selfs oor naweke! Die kursus word nie in 'n groep aangebied nie maar **een-tot-een** en daarom is dit baie maklik om kursustye aan te pas volgens u spesifieke behoeftes.

Die kursusaanbieder is 'n gesertifiseerde, geakrediteerde Pastel Onsite Trainer. (Sertifikaat as bewys op aanvraag beskikbaar)

Indien u oor 'n redelike rekenaarkennis beskik en ook 'n bietjie boekhou (Rekeningkunde) ondervinding het, kan u die Pastel Partner kursus as 'n **self-studie** projek aan pak. Die V19 se self-studie prys is **R4 000.** Dit kan aanlyn bestel en betaal word.

Selfstudie sluit die volgende in:

- Handleiding wat nodig is vir die opleiding (dit word u eiendom sodat u dit altyd kan gebruik as verwysing)
- "Educational" Pastel program wat u self op u rekenaar laai en waarop u die kursus kan doen
- **E-pos en Whatsapp hulp van 'n opgeleide, geregistreerde Pastel Onsite Trainer terwyl u self deur die handleiding werk.**
- Eksamenfooi
- Sertifikaat

U sal merk dat die enigste verskil is die metode van aanbieding - vir die volle prys kry u onverdeelde een-tot-een aandag van die opleier terwyl vir die verminderde prys kry u presies dieselfde behalwe dat die opleier nie vir die volle duur van die kursus langs u sit en u stap vir stap deur die kursus neem nie.

Die keuse is dus eenvoudig - as u op twee of meer van die volgende vrae "JA" kan antwoord, dan kan u die self-studie kursus met vertroue aanpak:

1. Ek het genoegsame rekenaarkennis om self die kursusmateriaal te volg - JA/NEE

2. Ek beskik oor genoeg boekhou kennis om die beginsels in die handleiding te verstaan - JA/NEE. (Indien u boekhoukennis nie voldoende is nie, kliek hier.)

3. Ek is 'n gemotiveerde persoon wat oor genoeg self-dissipline beskik om op my eie tyd deur die kursus te werk en uiteindelik my sertifikaat te verwerf - JA/NEE

Onthou - die opleier is net 'n epos of Whatsapp boodskap ver. Hulp is dus beskikbaar, maar u sal self die tyd moet maak om deur die materiaal te werk.

Daar is nou nog 'n derde opsie ook beskikbaar - **LIVE ONLINE TRAINING!** Om dit te kan doen benodig jy 'n goeie internetkonneksie en 'n rekenaar met 'n webcam en mikrofoon. Ons skeduleer dan 'n tyd vir 'n ZOOM meeting en op daardie manier bied ek die kursus vir jou aan oor die internet - so goed asof ek langs jou sit! Hierdie opsie kan ook aanlyn bestel word - Kliek hier.

https://www.boekhoukursusse.co.za/p/697710/pastel-partner-

# Basiese Boekhouding

Is u boekhou (rekeningkunde) kennis verroes of het u geen kennis daarvan nie? Hierdie kursus is vir u - die basiese beginsels van boekhou word behandel en kan vir enige boekhouding sisteem gebruik word.

'n Baie belangrike onderafdeling van hierdie kursus is BTW. Hier gaan u alles leer wat u nog altyd wou weet van BTW - wat dit is, hoe dit bereken word, wie dit moet betaal, wie kan wat terugeis ens ens! Werkgewers is bereid om goeie salarisse te betaal vir mense wat weet hoe om BTW te doen!

Pastel onderskryf wel die kursus en reik die sertifikaat uit, maar die kennis wat u in hierdie kursus opdoen kan toegepas word in enige rekeningkundige stelsel. Die kursusaanbieder is 'n gesertifiseerde, geakrediteerde Pastel Onsite Trainer. (Sertifikaat as bewys op aanvraag beskikbaar)

Skryf vandag nog in vir Basiese Boekhouding (Fundamental Bookkeeping) ek bied dit aan vir R3 300 - vir die een-tot-een opleiding.

Die kursusfooi sluit in:

- Handleiding wat gebruik word tydens opleiding (dit word u eiendom sodat u dit altyd vir verwysing kan gebruik)
- **Een-tot-een opleiding deur 'n opgeleide, geregistreerde Pastel Onsite Trainer** (mits dit binne 'n radius van 150km vanaf Heilbron in die Vrystaat is)
- Eksamenfooi
- Sertifikaat

Die kursus word normaalweg aangebied binne 5 tot 10 uur. Tye kan gereël word soos dit u pas - selfs oor naweke! Aangesien die kursus nie in 'n groep aangebied word nie maar een-tot-een is dit baie maklik om kursustye aan te pas volgens u spesifieke behoeftes.

Die kursus is nou ook beskikbaar as 'n **self-studie** ("self-study") pakket vir slegs **R1 900**. Die fooi sluit presies alles in soos hierbo genoem, behalwe dat u nie een-tot-een opleiding van die opleier kry nie, maar dat u op u eie tyd deur die materiaal werk. Hulp is

beskikbaar in die vorm van epos of Whatsapp wat u aan die opleier kan stuur, soos benodig.  Bestel en betaal sommer vandag nog jou handleiding aanlyn!

Bly u te ver vir 'n een-tot-een kursus en is u bang u gaan nie die selfstudie baasraak nie?  Hier is die oplossing:  LIVE ONLINE TRAINING deur middel van 'n ZOOM meeting oor die internet.

Ek en jy bespreek 'n tyd vir die ZOOM meeting (nadat jy jou handleiding(s) bestel en ontvang het) en dan stuur ek vir jou 'n ZOOM invite vir daardie tyd sodat ons aanlyn kan kontak maak.  (Jy benodig slegs 'n goeie internetkonneksie en 'n rekenaar met 'n webcam en mikrofoon.  As jou rekenaar dit nie het nie kan ons selfs dmv DUO op ons selfone kontak maak – praat asb met my oor die moontlikhede). Die prys vir die LIVE ONLINE TRAINING Basiese Boekhouding kursus is R2 600.

https://www.boekhoukursusse.co.za/p/697711/basiese-boekhouding

## SETA GEAKREDITEERD

Beide die Pastel Partner Intermediate en Basiese Boekhouding kursusse is SETA geakrediteer en die sertifikate het sekere kredietwaardes volgens die NQF.

PASTEL ACCOUNTING | TRAINING

FASSET

## Fasset Accreditation

Sage Pastel has been accredited by FASSET, the SETA for Finance, Accounting, Management Consulting and other Financial Services as a Training Delivery and Assessment Site. This allows employers who send their employees on Training at Pastel and who contribute to Skills Development Levies (SDL), to claim grants pertaining to the Training attended and thus recovering portions of SDL paid.

Softline Pastel is proud to announce that we have obtained Quality Assurance Partner (QAP) accreditation with Fasset, the SETA for Finance, Accounting, Management Consulting and other Financial Services. Our accreditation number is QAP/585/008.

As a QAP, Pastel will quality assures its own courses and accredits its own ATCs.  ATCs will automatically become Fasset accredited. It ensures that training and processes are quality assured to the highest standards.

**The following courses have been accredited and aligned to unit standards within Fasset's scope.**

| | Unit Standards | NQF Level | Credits |
|---|---|---|---|
| **Pastel Bookkeeping Fundamentals** | 13999 | 1 | 4 |
| **Pastel Partner Intermediate** | 12991 | 5 | 6 |
| | 117736 | 4 | 5 |
| | 243944 | 4 | 4 |

# Microsoft Office Kursusse

**Amper 90 MS Office kursusse om van te kies!**

Kry die Microsoft Office programme in 'n japtrap onder die knie - Excel, Word, PowerPoint, Outlook en al die ander MS Office programme kan nou in die gerief van jou eie huis aangeleer word.

As jy nog ouskool is en 'n gedrukte handleiding verkies waarin jy kan rondblaai en aantekeninge kan maak, dan is jy op die regte plek - al ons handleidings word netjies in kleur gedruk en geringbind om jou leerproses te vergemaklik.  Skermskote (in kleur) word deurgaans in die handleidings gebruik, so dit is baie maklik om te volg presies wat om te doen.

Ek is beskibaar (Whatsapp, e-pos, telefonies) as jy enige vrae het terwyl jy leer.

Dit was nog nooit so maklik (en bekostigbaar) om jouself op te lei nie!  **Slegs R950 per kursus as jy selfstudie doen.**

Die volgorde vir 'n spesifieke program is:  Essentials, Advanced en dan Expert.  As jy dus geen kennis van bv Access 2010 het nie begin jy met die Essentials kursus, dan die Advanced en laaste die Expert.  Dit is egter nie nodig om Essentials te doen as jy reeds kennis het van 'n spesifieke program nie.

As jy die LIVE ONLINE TRAINING metode verkies teen R1 500 per kursus stuur ek ook eers die gedrukte handleiding vir jou sodra ek bewys van EFT betaling van jou ontvang. Wanneer jy dan die handleiding in jou hand het, reel ek en jy 'n ZOOM meeting sodat ek die kursus aanlyn vir jou kan aanbied. Jy benodig 'n goeie internetkonneksie en 'n rekenaar met 'n webcam en mikrofoon om die LIVE ONLINE TRAINING te kan doen!

https://www.boekhoukursusse.co.za/p/697712/microsoft-office-kursusse

## "Soft Skills" kursusse

Nog altyd gewonder waar jy meer kan leer oor goed soos "Anger Management", "Customer Service", "Telephone Etiquette", en nog honderde ander vaardighede wat belangrik is in die werkplek en vir jou persoonlik?

Hier is nou jou kans - die handleidings word netjies in kleur gedruk en aan jou gestuur per PostNet. Jy kan dus op jou eie tyd en in die gerief van jou huis of kantoor jou "soft skills" opskerp.

As jy LIVE ONLINE TRAINING verkies stuur ek ook eers die gedrukte handleiding vir jou na ontvangs van EFT betaling en sodra jy die handleiding in jou hand het, reel ek en jy 'n tyd vir 'n ZOOM meeting sodat ek die kursus vir jou kan aanbied. Jy benodig 'n goeie internetkonneksie en 'n rekenaar met 'n webcam en mikrofoon sodat ons die LIVE ONLINE TRAINING kan doen.

Kies uit 124 verskillende kursusse.

https://www.boekhoukursusse.co.za/p/820190/&quotsoft-skills%22-kursusse